



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE

## NOVEMBER 2019

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

2. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDEBOEK.

3. Lees die vrae aandagtig deur en beantwoord slegs wat gevra word.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 D.

1.1.1 Die produksiefaktor wat nie maklik herwin kan word nadat dit vir verstedeliking aangewend is nie:

A Grond
B Kapitaal
C Arbeid
D Bestuur

1.1.2 Die boerderystelsel wat daarvoor bekend is dat die regte ding, op die regte plek, op die regte manier en op die regte tyd gedoen word:

A Kommersiële landbou
B Bestaansboerdery
C Presisieboerdery
D Ekstensiewe boerdery

1.1.3 Die weigebied wat voldoende weiveld verskaf om 'n spesifieke aantal diere te onderhou:

A Plantegroei
B Drakrag
C Wisselweiding
D Oorbeweiding

1.1.4 Geld, vervaardigde goedere en bates wat gebruik word vir die produksie van ander goedere om 'n inkomste te genereer:

A Uitgawe
B Bron van finansies
C Krediet
D Kapitaal

1.1.5 Langtermynkrediet is 'n kombinasie van die volgende eienskappe:

(i) Die oes word dikwels as sekuriteit gebruik.
(ii) Die bron van finansies is gewoonlik 'n bank.
(iii) Dit word gewoonlik vir duursame vaste verbeteringe gebruik.
(iv) Die terugbetalingstydperk is aan tien of meer jaar gelyk.

A (i), (ii) en (iii)
B (ii), (iii) en (iv)
C (i), (ii) en (iv)
D (i), (iii) en (iv)

1.1.6 Die somtotaal van die inkomste van alle boerderyondernemings plus diverse boerderyinkomste:

A Bruto boerderyinkomste
B Bruto waarde van produksie
C Bruto inkomste van die onderneming
D Bruto verkope

1.1.7 Die doeltreffende kombinasie en koördinasie van alle hulpbronne om wins te vergroot:

A Bemarking
B Produksie
C Marknavorsing
D Bestuur

1.1.8 Die plaasimplement wat gebruik word om gewasse te oes:

A Ploeg
B Eg
C Stroper
D Skeurploeg

1.1.9 'n Boerderybesigheidstrategie wat op een produk of werking in 'n boerderyonderneming fokus:

A Diversifikasie
B Waardetoevoeging
C Spesialisasie
D Verskansing

1.1.10 Die verhittingsmetode wat tot gevolg het dat nie een enkele lewende organisme na preservering in die voedselproduk teenwoordig is nie:

A Sterilisering
B Pasteurisering
C Blansjering
D Beroking (10 x 2) (20)

1.2 Kies 'n beskrywing in KOLOM B wat by die term/frase in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.11 M. Gebruik elke beskrywing in KOLOM B slegs EEN keer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Chemiese preserveermiddels | A | langtermynbestuurstelsel wat 'n onderneming in staat stel om by moontlike toekomstige veranderinge en uitdagings aan te pas |
| 1.2.2 | Optimale hulpbron-benutting | B | verkryging van goedere vir kontant |
| 1.2.3 | Kan verantwoordelikheid aanvaar | C | die beste moontlike manier om alle beskikbare arbeid, materiaal en infrastruktuur te gebruik |
| 1.2.4 | Strategiese bestuur | D | wanneer die bemarking van 'n produk nie beheer word nie |
| 1.2.5 | Prysvasstelling | E | eienskap van 'n entrepreneur |
| 1.2.6 | Standaardisering | F | verbeter die arbeidinset in agribesigheid |
| 1.2.7 | Grondhelling | G | sal die aktiwiteite van mikro-organismes in voedsel voorkom |
| 1.2.8 | Arbeidsproduktiwiteit | H | spesifikasie vir produkte se grade en pryse |
| 1.2.9 | Met die hand pluk | I | beïnvloed die dreineerbaarheid van die grond |
| 1.2.10 | Koop | J | die beheer van plae binne silo's |
| | | K | kunsmatige prysvasstelling |
| | | L | voedselprodukte wat met die hand geoes word |

(10 x 2) (20)

1.3 Gee die KORREKTE landbouterm vir ELK van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 Rekordhouding.

1.3.1 Die tipe mark waar verkope op 'n kommissiegrondslag namens die boer deur agente gedoen word

1.3.2 Verpakkingsmateriaal wat van glas gemaak is met aluminium- of plastiekdeksels

1.3.3 'n Rekwisisievorm om rekord te hou van geld wat uit die kleinkas geneem word

1.3.4 'n Skriftelike instruksie van die rekeninghouer aan die bank wat toestemming gee dat die bank die bedrag wat gespesifiseer is aan begunstigde moet betaal wanneer dit vir die bank aangebied word

1.3.5 Die proses wat gebruik word om te onderskei tussen grootte, kleur, gehalte en vorm volgens die huidige bemarkingsprosedure (5 x 1) (5)

1.4 Die volgende stellings is VERKEERD. Verander die ONDERSTREEPTE woord om die stellings KORREK te maak. Skryf die antwoord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 Vaste kapitaal.

1.4.1 <u>Implementering</u> meet die uitkoms van beplande aktiwiteite op die plaas.

1.4.2 <u>Drakrag</u> is die manier waarop weivelde benut word om die veld vir veeboerdery in 'n goeie toestand te hou.

1.4.3 <u>Oorbeweiding</u> is wanneer die vee kies om slegs sekere plante te eet.

1.4.4 Die opstel van krediete en begrotings is deel van die <u>fisiese</u> aktiwiteite op 'n plaas.

1.4.5 <u>Motivering</u>stappe word teen 'n werker gedoen om goeie orde en doeltreffende prestasie te handhaaf. (5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

### VRAAG 2: FISIESE EN FINANSIËLE BEPLANNING

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

2.1 Noem VIER funksies van grond in gewasproduksie. (4)

2.2 Kontoerploeg dra tot die voorkoming van gronderosie by.

2.2.1 Bespreek hoe kontoerploeg gebruik kan word om oppervlakwater na damme weg te lei. (2)

2.2.2 Verduidelik die verskil tussen *kontoerploeg* en *terrasvorming*. (2)

2.3

| |
|---|
| 'n Jong boer wil gesaaides op 64 ha plant deur konvensionele verbouing te gebruik. Gronddata is versamel deur grondholtes (profielgate) te maak en 'n gryserige kleigrond met 'n plaatagtige struktuur is gevind. Die grond het 'n gemiddelde diepte en is ryk aan minerale. Die pH-toets het 'n lesing van 7,8 getoon. |

2.3.1 Beskryf die dreineerbaarheid van die gryserige kleigrond. (2)

2.3.2 Verduidelik die pH-skaal en wat dit beteken as die pH 7,8 is. (4)


2.3.3 Noem die stof wat by die grond gevoeg moet word om die pH te verbeter. (1)

2.3.4 Gee hierdie jong boer raad oor hoe die huidige verbouingsmetode verander kan word om bewaringsverbouing in te sluit. Motiveer jou antwoord. (4)

2.4 Bespreek hoe regverdige arbeidspraktyke deur die korrekte posisionering van geboue, fasiliteite en toerusting verbeter kan word. (2)

2.5 Noem die verskillende tipes kapitaal in 'n boerderyonderneming en gee EEN voorbeeld van ELK. (6)

2.6 Verskillende boerderymetodes (**A**, **B** en **C**) word deur die illustrasies hieronder verteenwoordig.




2.6.1 Noem die boerderymetodes wat deur **A**, **B** en **C** verteenwoordig word. (3)

2.6.2 Verduidelik die volgende faktore om tussen boerderymetode **B** en **C** te onderskei:

(a) Arbeidsvereistes (2)

(b) Afhanklikheid van tegnologie (2)

2.6.3 Kies uit boerderymetode **A**, **B** en **C** 'n metode wat as organiese boerdery beskou kan word. Motiveer jou antwoord. (3)

2.7 Veeboere verdeel natuurlike veld in kampe om produksie te verhoog sonder om die omgewing te beskadig.

2.7.1 Identifiseer die tipe presisieboerderytegnologie wat gebruik kan word om met die verdeling van natuurlike veld in kampe te help. (1)

2.7.2 Beskryf die vereistes wat 'n kamp vir diereproduksie geskik maak. (2)

2.7.3 Beskryf hoe 'n veeboer presisieboerdery kan gebruik om diere wat in 'n kamp wei sonder menslike teenwoordigheid op te spoor. (2)

2.8 Gee EEN tipe begroting vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (2.8.1 tot 2.8.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| geheelplaasbegroting; vertakkingsbegroting; gedeeltelike begroting; instandhoudingsbegroting; kontantvloeibegroting |

2.8.1 Die begroting wat voorsiening maak vir die finansies wat nodig is om die infrastruktuur, implemente en gereedskap in 'n werkende toestand te hou (1)

2.8.2 Die begroting wat 'n maand se verwagte inkomste en uitgawes verskaf (1)

2.8.3 Die gekombineerde begroting van alle afdelings in 'n boerdery-onderneming (1)

2.8.4 Die begroting wat saamgestel word om twee of meer praktyke binne 'n vertakking met mekaar te vergelyk (1)

2.8.5 'n Volledige begroting vir 'n enkele afdeling in 'n boerdery-onderneming (1)

2.9 'n Begroting word een keer voorberei en dan geliasseer.

Gee DRIE redes hoekom hierdie stelling NIE waar is NIE. (3)

**[50]**

## VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPLANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

3.1 'n Goeie sakeplan sluit navorsing oor die eksterne en interne sakeomgewings in.

3.1.1 Definieer die *visieverklaring* van 'n onderneming. (1)

3.1.2 Gee TWEE redes vir die hersiening van 'n sake-idee. (2)

3.1.3 Beskryf die bruikbaarheid van die SSGB('SWOT')-ontleding om die prestasie van 'n boerdery te bepaal. (4)

3.2 'n Landbouonderneming word as 'n eenmansaak beskou. 'n Boer moet as 'n entrepreneur hoogs vaardig wees.

3.2.1 Noem VIER eienskappe van 'n suksesvolle entrepreneur. (4)

3.2.2 Noem TWEE risiko's wat oorweeg moet word wanneer jy jou eie onderneming begin. (2)


3.3 'n Gewasboer doen marknavorsing oor die algehele oorsig van die onderneming.

Verduidelik hoe die volgende aspekte die bemarkingsplan sal beïnvloed:

3.3.1 Grootte van die mark (1)

3.3.2 Voorkeure van die verbruikers (1)

3.4 Die skematiese voorstelling hieronder toon VIER veranderlikes betrokke by die bemarkingsproses.



3.4.1 Identifiseer die bemarkingsveranderlikes wat deur **A**, **B**, **C** en **D** in die diagram op die vorige bladsy verteenwoordig word. (4)

3.4.2 Noem TWEE faktore wat 'n produsent tydens die bemarking van veranderlike **A** moet oorweeg. (2)

3.4.3 Noem TWEE maniere waarop 'n produsent kan verseker dat veranderlike **D** bereik word. (2)

3.4.4 Dui TWEE aspekte aan wat veranderlike **B** tydens bemarking kan beïnvloed. (2)

3.5 Hieronder is 'n lys aktiwiteite wat verband hou met die produksie en bemarking van landbouprodukte.

- Verkope aan verbruikers
- Beplanning vir produksie
- Verspreiding
- Grondvoorbereiding en aanplanting
- Berging/Stoor
- Gadering

3.5.1 Gee die korrekte volgorde van 'n landbousakeketting deur die lys aktiwiteite hierbo te gebruik. (6)

3.5.2 Gee DRIE redes waarom verbruikers hoër pryse vir landbouprodukte betaal. (3)

3.5.3 Watter landboubemarkingstelsel gebruik die poelstelsel? (1)

3.6 Die volgende data is oor 'n gewasproduksie-eenheid gekry:

| | **2014** | **2015** | **2016** | **2017** |
|---|---|---|---|---|
| Hoeveelheid sakke kunsmis | 15 | 20 | 25 | 30 |
| Oes-aanbod (duisend ton) | 180 | 190 | 200 | 220 |
| Oes-vraag (duisend ton) | 230 | 210 | 170 | 165 |
| Prys per kilogram (R/kg) | 720 | 500 | 650 | 480 |

3.6.1 Teken 'n dubbele staafgrafiek van die gegewe inligting vanaf 2014 tot 2017 oor die oes-aanbod en die oes-vraag. (6)

3.6.2 Gee die jaar in die tabel waarin verkopers soveel as moontlik wou verkoop. (1)

3.6.3 Gee die jaar in die tabel waarin kopers soveel as moontlik wou koop. (1)

3.7 Hieronder is 'n lys van voorbeelde van produkvergelykings wat in produkkompetisie in die mark verskyn.

**LET WEL:** 'n Voorbeeld mag slegs EEN keer gebruik word.

- Margarien teenoor botter
- Witvleis teenoor rooivleis
- Geblikte vrugte teenoor vars vrugte
- Koffiebone teenoor kitskoffie
- Bevrore groente teenoor vars groente

3.7.1 Identifiseer die produkte in direkte kompetisie. (3)

3.7.2 Identifiseer die produkte in indirekte kompetisie. (2)

3.8 Plaaskaarte verskaf waardevolle inligting wat in die produksieproses gebruik word.

Gee TWEE voorbeelde van inligting wat op die plaaskaart kan voorkom. (2)
**[50]**

## VRAAG 4: OES, VERWERKING, BESTUUR EN AGRITOERISME

Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.

4.1 Gewasse moet op 'n stadium van gereedheid geoes word wat sal verseker dat dit die verbruiker in 'n goeie toestand sal bereik.

4.1.1 Noem DRIE fisiologiese gewasrypheidsaanwysers. (3)

4.1.2 Noem die nadele daarvan om met die hand te oes. (4)

4.2 Bespreek kortliks VIER voordele van die toepassing van goeie landboukundige praktyke. (4)

4.3

| |
|---|
| 'n Boer begin 'n nuwe produksie-eenheid. Die huidige arbeidsmag is nie groot genoeg nie en meer werkers moet aangestel word. 'n Werksbeskrywing word vir elke werker opgestel om te verseker dat daar vir alle take voorsiening gemaak word. Dit verseker ook dat die werkers weet hoe om hulle take uit te voer. Diegene wat hulle werkdoelwitte bereik, sal met bevorderings en taakgeoriënteerde bonusse beloon word.<br><br>Die werkers speel sokkerwedstryde teen werkers van aangrensende plase tydens hulle vry naweke. |

Lei uit die gevallestudie hierbo VYF verskillende take af wat 'n bestuurder oor arbeid in ag moet neem. (5)

4.4 Noem en bespreek DRIE gevare waaraan verbruikers blootgestel kan word wanneer hulle vars produkte gebruik. (6)

4.5 Noem VYF verpakkings- en vervoerhouers wat kan help met die verpakking van produkte in die landerye en vervoer van produkte na die pakhuis. (5)

4.6 Bespreek die TWEE hooffaktore wat die bergingsmetode vir aangeplante/verboude landbouprodukte bepaal. (2)

4.7 Waardetoevoeging is die omskep van 'n rou landbouproduk in 'n verbruikersvriendelike produk deur dit te verander of iets by te voeg.

4.7.1 Bespreek VIER voordele van waardetoevoeging in agribesigheid. (4)

4.7.2 Noem en bespreek die gebruik van natuurlike preserveermiddels in die voorkoming van mikrobiese aktiwiteit in voedsel. (6)

4.8 Die Wet op Voedingsmiddels, Skoonheidmiddels en Ontsmettingsmiddels, 1972 (Wet 54 van 1972) bevat die regulasies waarvolgens produketikettering beheer word.

Verduidelik DRIE vereistes van hierdie wet ten opsigte van die bestanddele op 'n etiket. (3)

4.9 Verduidelik kortliks hoe die volgende faktore werkers se produktiwiteit kan bevorder:

4.9.1 Fisiese beplanning van boerdery (1)

4.9.2 Ekonomiese eenhede (1)

4.9.3 Beplanning van die produksieprosesse (1)

4.9.4 Doeltreffende meganisering (1)

4.10 Agritoeriste besoek plase wat sekere attraksie het en bed-en-ontbyt-geriewe aanbied.

Noem VIER ervarings waarna plaasverblyf-vakansietoeriste kan uitsien om te geniet. (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou